

Die werk van die Heilige Gees



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Johannes 16:8-11; Romeine 5:10; Hebreërs 4:15, 16; 1 Petrus 5:8, 9; 1 Johannes 5:12, 13; Psalm 31:24.

Geheeteks:

“En mag die God van die hoop julle vervul met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop deur die krag van die Heilige Gees” (*Rom. 15:13*).

Soos ons die einde van ons studie hierdie kwartaal oor die Heilige Gees en geestelikheid nader, sal ons fokus op ander belangrike werk van die Gees waaraan ons nog nie aandag geskenk het nie. Toe Jesus aan sy dissipels aangekondig het dat Hy na sy Vader toe gaan, het Hy belowe om die Heilige Gees na hulle te stuur. “Maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het” (*Joh. 14:26*).

Volgens Jesus is die Heilige Gees ‘n parakletos, dit is ‘n “helper”, of “trooster”, of ‘n “advokaat” wat namens ons intree. Terselfdertyd het Jesus ook aangekondig wat die werk sou wees wat hierdie advokaat gaan doen: Hy sal “die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel” (*Joh. 16:8*).

Gedurende ons laaste week sal ons in meer besonderhede kyk wat hierdie doelgerigte werk van die Heilige Gees is. Ons sal ook leer hoe hierdie werk van die Gees verband hou met twee ander belangrike aspekte van sy bediening vir ons: ons versekering van verlossing, en die heerlike hoop wat ons lewe voortstu as dissipels van Jesus Christus.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 25 Maart.*

Oortuiging van sonde

Lees Johannes 16:8, 9. Watter noodsaaklike werk doen die Heilige Gees vir ons, en waarom is dit so belangrik?

Jesus het die Heilige Gees die parakleet genoem, 'n woord wat ryk aan betekenis is en iets oordra van die idee van 'n *helper*, *advokaat*, en *trooster*. Die Heilige Gees betree nie hierdie belangrike werk van oortuiging as 'n aanklaer van die broers of as ons beskuldiger nie. Hy is nie deur Jesus gestuur om ons te veroordeel nie, maar eerder om ons te help om ons behoefte aan genade raak te sien. Slegs 'n trooster sal as helper ontvang word. Dis 'n groot tragedie dat Christene, hoe opreg ook al bedoeld, dikwels sondaars benader met 'n veroordelende gees eerder as 'n helpende een. Indien ons rondgaan en die sonde in ander se lewens uitwys, doen ons iets wat Jesus ons nie geroep het om te doen nie. Trouens, hoe kan ons die sonde in ander mense uitwys as ons self skaars sondeloos is?

Lees Romeine 2:1 en Matteus 7:3. Watter boodskap moet ons uit hierdie verse neem?

Ons is sy getuienisse, nie sy vervolgers nie. Ons is geroep om getuies van sy verlossingskrag te wees, nie om ander te veroordeel vir hulle verkeerde dade nie. Wanneer ons ander mense vir hulle sondes veroordeel, doen ons 'n werk wat nie aan ons toegewys is nie; dit is die werk van die Heilige Gees. Dit is die Trooster – nie ons nie – wat die wêreld sal “oortuig” (*Joh. 16:8*) wat sonde werklik is. Mense wat nog nie hulle lewens aan Jesus toegewy het nie, het geen werklike idee van wat sonde regtig is, en hoe vernietigend dit kan wees nie. Die idee hier is nie dat die Gees sekere verkeerde dade sal opnoem nie. In stede hiervan fokus Hy op die fundamentele sonde: ongelooft in Jesus Christus (*Joh. 16:9*). Ons diepste ellende en vervreemding bestaan nie uit morele onvolmaaktheid nie, maar in ons vervreemding van God en ons weiering om die Een wat God gestuur het om ons van hierdie toestand te verlos, te aanvaar. Die grondliggende probleem van alle sonde is dat ons nie in Jesus glo nie, en dus die enigste Een wat ons van ons sonde en skuld kan red, verwerp. Dit is die sonde wat self in die middelpunt van alles plaas, en weier om die Woord van God te glo. Net die Heilige Gees kan ons harte en gedagtes open vir die groot behoefte aan bekering en die Verlossing wat gevind word deur die dood van Christus om ons onthelwe.

Die behoefte aan geregtigheid

Johannes 16:8 sê dat die Heilige Gees die wêreld sal oortuig, nie net van sonde nie, maar ook van geregtigheid. Met ander woorde, die wêreld, wat nie weet wat sonde werklik is nie, sal ook nie weet wat ware geregtigheid is nie. Onbekeerde mense verbeel hulle dat eksterne sedelikheid voldoende is. Hulle verlang nie na God se geregtigheid nie, maar hulle eie geregtigheid. Hulle verlang 'n geregtigheid wat spruit uit uiterlike optrede, soos gehoorsaamheid aan die wet van God. Maar ons daad van gehoorsaamheid aan die wet kan ons nooit voor God regverdig nie. In Jesaja 64:6 beskryf die profeet al die selfgemaakte geregtighede van die mense van sy dae as “vuil klere”. Selfs ons beste godsdiens-gemotiveerde selfopgelegde geregtigheid is in werklikheid die teenoorgestelde: ongeregtigheid. Maar Jesus se geregtigheid is voldoende vir ons. Dit voldoen aan al die vereistes van die wet van God. Dit tel by God die Vader. En ons kan dit vir onself opeis deur die geloof in Jesus Christus alleen.

Lees Romeine 5:10 en Hebreërs 4:15, 16. Hoe word ons geregtigheid in verband gebring met Christus se lewende bediening in die teenwoordigheid van die Vader in die hemel?

Die geregtigheid wat deur die wet vereis word, word in vervulling gebring deur Jesus se perfekte lewe. Hy het om ons ontwil gesterf. Al is Hy verwerp deur diegene wat Hom hier op aarde doodgemaak het, is Hy deur die Vader in die hemel verwelkom. Deur die opstanding het God die Vader sy stempel van goedkeuring op Jesus se lewe en versoenende werk geplaas. Nou leef Jesus om vir ons in te tree (*Heb. 4:15, 16*), en Hy skenk aan ons, deur sy dood, die meriete van regverdigheid wat nodig is vir ons verlossing. Ons kan dus leef, want Hy leef in ons. Thus we can live because He lives in us. “Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (*Gal. 2:20*). Wanneer Jesus in ons leef, wandel ons deur die Gees (*Rom. 8:4*) en ontvang ons nuwe geestelike lewe deur die krag van die Gees (*vergelyk dit met Gal. 3:2-5; 5:16, 18*). Jesus se verheffing na die Vader bevestig dat Hy onder ons teenwoordig is deur die Gees. Sy dissipels wat deur die Heilige Gees bemaagtig is, leef in toenemende gelykvormigheid aan Christus.

Het jy al die realiteit ervaar van hoe vuil jou eie pogings is om regverdig te wees? Wat leer dit jou aangaande jou behoefte eerder aan Christus se geregtigheid?

Oortuiging van oordeel

Lees Johannes 16:8, 11. Na watter oordeel verwys Jesus? Waarom is hierdie oordeel goeie nuus?

Daar bly een laaste groot oortuiging oor wat deel is van die werk van die Gees: die oortuiging van oordeel. Hier slaan baie van ons prediking oor hierdie teksgedeelte 'n verkeerde en skadelike rigting in. Wanneer oor sonde en geregtigheid gepraat word, lei dit dikwels daartoe dat baie belydende Christene 'n waarskuwing rig oor die oordeel van diegene wat Christus verwerp. Deur dit te doen, wil hulle sondaars waarsku, dikwels met ondertone van vrees, oor die komende oordeel wat vir hulle wag. En alhoewel hierdie oordeel 'n werklikheid is, is dit nie waarvan Jesus praat in Johannes 16:11 nie. Die taal wat gebruik word is 'n aanduiding dat die Here nie oor die toekomstige oordeel praat, soos wat Hy in Johannes 12:48 gedoen het nie. Die aspek van die oordeel waarna Jesus nou verwys, is eerder die goeie nuus dat Satan alreeds by Golgota veroordeel is. Die duivel, die groot vyand van die waarheid, leef nou op geleende tyd. Die oordeel gaan kom, maar die fokus val hier eerder op die bewustheid dat die prins van hierdie wêreld nou reeds veroordeel staan (*Joh. 12:31*).

Lees 1 Petrus 5:8, 9. Hoe word Satan deur Petrus beskryf? Hoe kan ons hom weerstaan?

Die duivel, wat weet dat sy tyd kort is en dat hy reeds by Golgota verslaan is, is nieteenstaande nog steeds lewendig. En hy is woedend, en poog om soveel as moontlik te verslind. Maar hy is 'n verslane vyand. Jesus het die oorwinning behaal. Die bloed van Jesus maak ons vry. Toe die Nazi-troepe gedurende die Tweede Wêreldoorlog die beslissende slag toegedien is met die suksesvolle inval van die geallieerde magte in Frankryk op 6 Junie 1944, was dit duidelik dat Hitler verslaan is. En tog was die tydperk van elf maande tussen D-dag (toe die aanval geloods is) en VE-dag (8 Mei 1945, toe die oorlog in Europa tot 'n einde gekom het), die bloedigste tydperk ooit. Net so weet Satan ook dat hy beslissend by die kruis verslaan is. Maar nog steeds poog hy halstarrig om soveel as moontlik te verlei en te vernietig. Ons is in hierdie uitdagende tye geroep om nugter en waaksaam te wees en om al ons sorges en bekommernisse aan Jesus oor te gee, want Hy gee vir ons om (*1 Pet. 5:7, 8*).

Waarom is oordeel goeie nuus? Wie is ons versekering in die oordeel? Hoe kan ons oor die oordeel preek op 'n wyse dat dit eerder hoop as vrees inboesem?

Die sekerheid van verlossing

Lees 1 Johannes 5:12, 13; Romeine 8:15-17; en 2 Korintiërs 5:5. Waarom kan ons, die oomblik wanneer ons vir Christus as ons Verlosser aangeneem het, die versekering van die ewige lewe hê? Wat is die basis van hierdie versekering?

Die Heilige Gees is die Een wat sondaars na Jesus toe lei. Jesus se plaasvervangende dood het ons met God versoen. Jesus se vergifnis maak ons vry om 'n nuwe lewe as God se aangenome kinders te lei. Ons is nie langer meer God se vyande nie (*Rom. 5:10*), maar ons wandel volgens die Gees (*Rom. 8:4*) en ons gedagtes is gerig op die dinge van die Gees (*Rom. 8:5*). As ons nie die Gees van Christus gehad het nie, sou ons nie sy kinders wees en aan Hom behoort nie (*Rom. 8:9*). Maar nou het ons die innerlike getuïenis van die Heilige Gees wat in ons woon. Hy getuig aan ons dat ons aan Jesus behoort en dat ons erfgename van God en erfgename met Christus is (*Rom. 8:17*). Dieselfde kragtige lewe wat Jesus uit die dood opgewek het is nou aktief in ons. Dit maak ons, wat geestelik dood was, weer lewendig (*Rom. 8:10*). Maar meer nog, Hy verseël in ons harte die versekering dat ons waarlik aan God behoort. Toe ons die evangelie van ons verlossing gehoor en dit geglo het, is ons in Jesus met die Heilige Gees verseël. En Hy is gegee as 'n belofte van ons erfdeel (*Efe. 1:13, 14*). Elke gelowige kan hierdie sekerheid hê (*1 Joh. 5:12, 13*).

Lees Efesiërs 1:13, 14. Wat beteken dit om deur die Gees verseël te wees?

Diegene wat Christus aangeneem het, is wedergebore, hulle is gebore “uit Gees” (*Joh. 3:3, 5*). Die Heilige Gees verseël hierdie feit in ons harte sodat ons die versekering kan hê dat ons verlos is, en die blydskap kan ervaar wat gepaardgaan met die wete dat jy 'n kind van God is. Die Heilige Gees identifiseer ons dat ons aan Christus behoort. “Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie” (*Rom. 8:9*). Nou het ons 'n gewete of bewustheid dat God ons liefdevolle Vader is en ons sy dierbare kinders. Die Heilige Gees is as't ware die eerste paaïement, die deposito, of die belofte tot die grootste gawe van die ewige lewe en onsterflikheid wat aan ons geskenk sal word met Jesus se wederkoms (*1 Kor. 15:51-54*). Dit is die kenteken van opregte geloof. Dis moeilik om te sien hoe Christene met oortuigende krag kan getuig sonder om in besit te wees van hierdie versekering. “Bemoedig, praat geloof en hoop, en jy sal verlig wees in die Here. Dink gedurig aan die oop deur wat Christus voor jou gestel het – die deur wat geen mens kan toemaak nie. God sal die deur vir alle boosheid toemaak, indien jy Hom net die geleentheid sal bied. Wanneer die vyand soos 'n vloed aankom, sal die Gees van die Here jou teen hom optel.”—Ellen G. White, *The Advent Review and Sabbath Herald*, April 16, 1889 (vry vertaal).

Die Heilige Gees en hoop

Lees Romeine 5:4, 5; 15:13; en 1 Korintiërs 13:13. In watter verhouding staan liefde en hoop met mekaar? Op watter wyse is die Heilige Gees instrumenteel daarin om ons liefde en hoop te skenk?

Die Heilige Gees is die Een wat die liefde van God in ons harte uitgestort het. Hy verbind ons met God en laat toe dat God se liefde in ons woon. God se standhoudende en onveranderende liefde is die rede en die hoeksteen van ons hoop. Sonder liefde sou daar geen hoop wees nie. Slegs liefde kan hoop genereer. Omdat God se liefde met sy getrouheid ineengevleg is, besit ons die wonderlike hoop dat Hy weer sal kom, en ons na Hom toe neem.

Lees Psalm 31:24. Watter invloed het hoop op ons?

Hoop inspireer. Hoop gee nuwe krag. Hoop laat ons sing en bly wees. Hoop is noodsaaklike vir lewe. Wat sou die doel van lewe wees sonder hoop? Om hoop te koester, is iets anders as om optimisties te wees. Die optimis dink dat alles beter sal word: die weer, die ekonomie, die skoolrapporte, die finansies, ensovoorts. Hoop is egter nie blinde optimisme nie. Dit is eerder gegrond in God se getrouheid en in die beloftes wat Hy in die verlede gegee het. Hoop glo dat God alles wat Hy gesê het, sal vervul omdat Hy getrou en waar is. God het reeds bewys dat Hy betroubaar is, en Hy wankel nie. Sy standvastigheid en waarheid is die grondslag van ons hoop. Daar is geen kwessie nie, dat die grondslag van ons hoop ook in Jesus aan die kruis gevind word. Wanneer ons na die kruis kyk, kan ons op die kragtigste wyse moontlik die realiteit van God se liefde vir ons raaksien. Die kruis, en met Jesus wat vir ons sondes sterf, gee ons, en aan die heelal, 'n onvergelykbare openbaring van wat God werklik is. As gevalle en sterflike wesens in 'n groot en uitgestrekte kosmos, kan ons hoop vind, nie in onself, of in groot dinge wat ons gedoen het nie, maar in ons God, die God wat Homself aan ons aan die kruis geopenbaar het.

Hoe is die Adventhoop gegrondves in God se getroue beloftes? Op watter wyse beïnvloed hoop ons lewe? Hoe kan ons 'n lewenswyse ontwikkel wat hoop weerspieël, eerder as wanhoop?

Verdere leeswerk:

Lees Ellen G. White, *Ye Shall Receive Power*, veral die deel van Oktober: “*Ready for the Spirit.*” Ons kan die aktiwiteite van die Heilige Gees opsom deur te sê dat die Heilige Gees in harmonie met God die Vader en God die Seun werk om ons verlossing te bewerkstellig. Die Heilige Gees wek ons op uit ons geestelike dood. Hy lei ons tot ’n bewustheid van ons sondigheid en open ons oë vir die feit dat ons in onself verlore is. Hy koester in ons die begeerte om te verander, en begelei ons na Jesus toe, want net Hy kan die diepste behoeftes van die mens bevredig. Hy bied ons die versekering van verlossing want Hy wys ons altyd na Jesus toe, en wat Jesus vir ons gedoen het. Hy transformeer ons om meer en meer soos Jesus te word. Hy hou ons getrou in ons wandeling met God. Hy stel ons in staat om God se wil te vervul, en sy sendingwerk uit te voer. Die Geskrewe Woord van God word gegeneer as ons skild en norm vir ons Christelike lewe en leerstellings. Waar sou ons wees sonder die Heilige Gees? Ons sou wanhopig en verlore wees, en sou niks kon doen wat tot die eer en heerlijkheid van God strek nie. Aan Jesus al die dank vir sy beloftes dat Hy die Heilige Gees sou stuur. En Hy het Hom gestuur. “Die Heilige Gees was die hoogste van alle gawes wat Hy kon verkry van sy Vader vir die verhoging van sy mense.”—Ellen G. White, *Ye Shall Receive Power*, p. 13 (vry vertaal).

Vrae om te bespreek:

1. Brei uit op die vraag oor wat sonde is en wat geregtigheid is. Waarom behoort ons as Christene, wat in die Bybel as God se Woord glo, ’n verskillende begrip te hê van wat geregtigheid is? Hoe verskil dit van ander mense wat nie in die Bybel glo nie? Wat is daardie verskille? Wat leer die Bybel ons oor sonde en oor geregtigheid wat ander bronne nie doen nie?
2. Praat met die ander lede van jou klas oor die werk van die Heilige Gees wat jy voel vir jou die belangrikste is. Waarom is dit vir jou belangrik en watter invloed het dit sover in jou lewe gehad?
3. Praat oor die hoop wat ons in Jesus het. Wat is die redes vir hierdie hoop? As iemand “’n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe” (*1 Pet. 3:15, AFR83*), watter antwoord sou jy gee en waarom? Sou jou argument oortuigend wees?
4. Die les het hierdie week gepraat oor die kwessie rondom die versekering van verlossing. Wat is sekerheid van verlossing? En indien ons dit het, waarom het ons dit? Waarop moet dit gebaseer wees? Hoe verskil dit daarvan om dit byvoorbeeld net te veronderstel?